Congregation of YHWH Jerusalem, Po Box 832 Carteret NJ 07008

Les 16 Korrespondensie Kursus:
Die koninkryk van Yahweh

Die koninkryk van Yahweh is, vanaf die boek van Genesis tot en met die boek van Openbaring, die kern boodskap van die Skrif en tog is daar meer verwarring oor wat die koninkryk van Yahweh is as enige ander onderwerp in die Skrif. Sommige kerke verkondig dat hulle die koninkryk van Yahweh is, terwyl ander weer leer dat die koninkryk in die hemel is en ander weer sê dat dit ’n warm gevoel in jou hart is. In die les gaan ons na al die skrifgedeeltes in die Bybel kyk om te sien wat presies Yahweh vir ons deur Sy woord sê wat die koninkryk van Yahweh is en hoe om deel te word van hierdie einste koninkryk.

Kom ons begin eers deur presies te definieer wat ’n koninkryk is.

’n **Koninkryk:** Die regerende invloed van ’n koning oor sy gebied, met sy wil, doelgerigte voorneme, en die skep van ’n kultuur van norme, waardes en ’n leefstyl wat die koning se begeertes en karakter vir sy burgers reflekteer. Jy kan nie ’n koninkryk sonder geregtelike orde hê nie. Elke gemeenskap het wette, struktuur en leierskap nodig. Sonder ’n regeringstelsel het jy chaos. Gesag is die sleutel tot ’n suksesvolle regering.

Die eerste ding wat ons dus in die Skrif sien wanneer ons van die koninkryk van Yahweh praat, is dat ons van ’n letterlike koninkryk met land, mense, wette, strukture, waardes, norme en ’n doel praat. In die Tuin van Eden, net na die skepping, was alles perfek. Dit is omdat die wil van Yahweh, wat aan die mensdom deur Sy ewige Torah of wet gedefinieer word, ’n 100% verorden is en die hele skepping onder die perfekte wil van Yahweh was.

Het die koninkryk van Yahweh op die aarde al die pad terug in die boek van Genesis begin?

Gen 1:26-28 *En Elohiem het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.* ***27*** *En Elohiem het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van Elohiem het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.* ***28*** *En Elohiem het hulle geseën, en Elohiem het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.*

Toe Adam geskep is, is daar heerskappy oor die aarde aan hom gegee. Dit het heerskappy oor die visse in die see en die voëls in die lug ingesluit. ’n Belangrike aspek om te onthou is dat daar aan Adam “*heerskappy*” gegee is en **NIE** “*eienaarskap*” nie. Binne ’n koninkryk omgewing, baie anders as in ’n demokrasie, is daar nie private besit van eiendom nie, want alles behoort aan die koning (Ps. 24:1). Yahweh het ’n vasgestelde patroon van geregtelike orde vanaf die skepping gehad en Adam moes daardie geregtelike orde onderhou en na die res van die skepping uitgaan om die boodskap van die koninkryk, waarin Yahweh en Yahshua hom in die Tuin van Eden opgelei het, na die res van die skepping neem.

Was Yahweh se eintlike bedoeling om die aarde te koloniseer sodat dit deur mense bewoon word, om net soos Sy koninkryk in die hemel te wees?

Mat 6:9-10 *So moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemel is, laat U Naam afgesonder word;* ***10*** *laat U koninkryk kom; laat U wil geskied,* ***soos in die hemel net so ook op die aarde***

Duidelik kan ons sien dat dit ons Hemelse Vader se bedoeling was om die aarde te skep en te vul om ’n kolonie van Sy koninkryk te wees en om Sy heerskappy uit te brei. Soos ons in Genesis 1:26-28 sien het Yahweh die mens opgestel, spesifiek vir Adam, om heerskappy oor die aardse kolonie te hê en om Sy koninkryk beginsels, wat in Sy Torah bevat word, na die res van die samelewing te bring en vrug te dra (die onderdane te vermeerder) vir die nuut gevonde kolonie wat Hy op aarde geskep het.

Het Adam daarin geslaag om die onderdane vir Yahweh se koninkryk te vermeerder en Yahweh se heerskappy van hemel na aarde uit te brei?

Gen 3:17-19 *En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.* ***18*** ***Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring;*** *en jy sal die plante van die veld eet.* ***19*** *In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.*

Gen 3:23 -24 *Toe stuur Yahweh Elohiem hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is.* ***24*** ***So het Hy dan die mens weggedryf*** *en gerubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak*

Het Adam se verraad en sonde ook die vergieting van onskuldige bloed gebring?

Gen 3:21 *En* ***Yahweh Elohiem het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak*** *en hulle dit aangetrek.*

Dit moet genoem word dat die koninkryk boodskap op die stadium niks met sonde te doen gehad het nie, aangesien sonde nog nie in die wêreld ingekom het nie. Dit het eerder oor totale geloof in Yahweh gegaan deur Sy wette, wat deel is van Sy ewige karakter en daar gestel is vir die verbetering en die mensdom se welsyn, 100% te volg. Eers nadat die mensdom gesondig het, moes daar ’n plan in werking gestel word vir die Seun van Yahweh om die boete vir die sondes te kom betaal. Dit was bloot net die weg wat deur Yahweh geïnspireer is sodat mense weereens toegang tot Sy koninkryk kon kry. Die boodskap van vergifnis en verlossing deur die bloed van Yahshua is die boodskap oor hoe om die koninkryk van Yahweh binne te gaan, maar nie die boodskap van wat die koninkryk werklik is nie.

Die Bybel is ’n boek wat geskryf is oor die koninkryk van Yahweh en die kolonisering van die mensdom op die aarde om die koninkryk van die hemel af uit te brei. Die Bybel is in twee dele verdeel. Die eerste deel is die eerste drie hoofstukke vanaf Genesis 1 tot en met die val van die mens en die heerskappy van die koninkryk wat die mensdom daar verloor het. Die tweede deel van die Bybel is die res wat volg na die derde hoofstuk in Genesis, wat die verlossing van die koninkryk wat verloor is bespreek.

Jy moet verstaan Adam het ’n koninkryk verloor, **NIE** ’n godsdiens nie. Godsdiens is ’n middel wat deur die mensdom geskep is om ander mense te domineer en beheer. Godsdiens het **NIKS** met die Koninkryk van Yahweh te doen nie. Die Koninkryk van Yahweh gaan daaroor om Sy geregtelike orde en wil na die mensdom te bring deur Sy afgesonderde Torah (wet) sodat die mens sal weet hoe om ’n verhouding met Yahweh te hê en Hom as sy Skepper te aanbid, asook hoe om sy medemens, wat ook in die beeld van Yahweh geskep is, te behandel.

In Genesis 1:26, wat hierbo aangehaal word, sien ons dat Yahweh gesê het die mens moet in sy beeld en gelykenis geskep word. Maar in vers 27 sien ons dat die mens net in Sy beeld

gemaak is, dit sê nie dat hy in Sy gelykenis gemaak is nie. Dit is omdat ons fisies volgens die beeld van Elohiem gemaak is deur hande, voete en bene soos Hy te hê, sowel as ’n verstand waarmee ons kan dink en redeneer, maar om in sy gelykenis geskep te word moet ons Sy Heilige Gees (Ruach H’Chodesh) ontvang en ontwikkel deur ervaring in die karakter van Yahweh Almagtig (Mat 5:48).

Adam het deur sy verraderlike dade van opsetlike ongehoorsaamheid aan die Skepper Yahweh nie net die vergieting van bloed van ’n onskuldige dier (Gen 3:21) gebring nie, maar ook die begin van die verval van sy fisiese liggaam en sy eie dood (Gen 2:17).

Hy het homself ook gediskwalifiseer om die Torah van Yahweh na die res van die skepping te neem en vir die koninkryk vrug te dra, wat veronderstel was om die hoogste prioriteit waarvoor hy geskep is te wees. Hy het daarin misluk om die Koninkryk van Yahweh van die hemel na die aarde toe uit te brei en deur sy rebellie teen Yahweh en sy onderwerping aan die heerskappy van Satan het hy eintlik sy eie heerskappy oor die aarde opgegee en aan Satan oorgegee. Vanaf hierdie punt was dit nodig dat ’n ander man, wat ’n fisiese saad van Adam en Eva moes wees, na die aarde moes kom, gebore word en dit wat sy voorvader Adam verloor het terugeis en verlos.

Het Yahweh geprofeteer dat ’n saad van Adam en Eva na die aarde sal kom om Satan te verslaan en dit wat Adam verloor het weer terug te eis?

Gen 3:14-15 *Toe sê Yahweh Elohiem aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe.* ***15*** *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad.* ***Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.***

Rom 5:12 *Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het.*

Rom 5:17-18 *Want as ten gevolge van die misdaad van die een die dood geheers het deur die een, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die guns en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Een, Yahshua die Messias.* ***18*** *Daarom dan,* ***net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe.***

1 Kor 15:45-47 *So is daar ook geskryf:* ***Die eerste mens, Adam, het ’n lewende siel geword; die laaste Adam ’n lewendmakende Gees****. (Gen. 2:7)* ***46*** *Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike.* ***47*** *Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is uit die hemel.*

Vandat Adam gewilliglik homself tot die heerskappy van Satan onderwerp het en sy posisie en heerskappy oor die aarde aan Satan oorgegee het, het Yahweh daaraan gewerk om dit wat Adam verloor het vir die mensdom terug te vat. Aangesien die heerskappy van die aarde direk deur Yahweh aan Adam gegee is, was die enigste manier om dit terug te neem deur die geboorte van ’n letterlike saad wat uit die nageslag van Adam gebore is om so wettiglik dit wat Sy voorvader Adam verloor het terug te kon eis. ’n Basiese koninkryk prinsiep is dat ’n koning ’n fisiese afstammeling van sy pa moet wees.

Het Yahweh vir Abraham getrou gevind om sy nageslagte te gebruik sodat die Messias deur sy fisies nageslag kon kom?

Gen 12:1-3 *En Yahweh het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys.* ***2*** *En Ek sal jou ’n groot nasie maak en jou*

*seën en jou naam so groot maak, dat jy ’n seën sal wees. **3** En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek;* ***en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.***

Gen 17:1-9 *Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het Yahweh aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is El, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees. **2** En Ek wil* ***my verbond sluit tussen My en jou****, en jou buitengewoon vermeerder. **3** Toe val Abram op sy aangesig, en Elohiem het met hom gepraat en gesê: **4** Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van ’n baie groot aantal nasies word. **5** Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou ’n vader van ’n groot aantal nasies. **6** En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak,* ***en konings sal uit jou voortkom****. **7** En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as ’n ewige verbond, om vir jou ’n Elohiem te wees en vir jou nageslag na jou. **8** En Ek sal aan jou en jou nageslag na jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as ’n ewige besitting; en Ek sal vir hulle ’n Elohiem wees. **9** Verder het Elohiem aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag na jou, van geslag tot geslag.*

Gen 17: 21 *Maar my verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou volgende jaar op hierdie tyd sal verwek..*

Gal 3:16 *Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een:* ***En aan jou saad,dit is die Messias.***

Amos 3:1-2 *Hoor hierdie woord wat Yahweh oor julle gesê het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipte laat optrek het, naamlik: **2(a)*** ***Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde;***

Eks 4:22 *Dan moet jy vir Farao sê:* ***So sê Yahweh: My eersgebore seun is Israel.***

As gevolg van Abraham se getrouheid het Yahweh sy nageslag gekies as die lyn waardeur die Messias, deur die bloedlyn van Israel, gebore sou word. Yahweh werk altyd binne geregtelike orde en Hy het die saad van Israel gekies om die mensdom na Hom toe terug te bring. Yahweh sal voortgaan met Sy verlossingswerk van die nasies nadat Hy terugkom en Sy Koninkryk op die aarde opgestel is (Jes 66:18-20).

Kan slegs fisies gebore Israeliete dissipels van Yahshua en familielede van Yahweh word in die tydperk voor die millennium begin?

Gal 3:26-29 ***Want julle is almal kinders van Elohiem deur die geloof in die Messias Yahshua****; **27** want julle almal wat in die Messias gedoop is, het julle met die Messias beklee. **28** Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in die Messias Yahshua. **29*** ***En as julle aan die Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.***

Yahweh is nie partydig tussen mense nie, en al moes Yahweh, as gevolg van Adam se posisie, ’n fisiese afstammeling van Adam kies om die mensdom terug na Hom toe te verlos, kan elke mens, ongeag ras, geslag, sosiale status, ens., nou dat die Messias gekom het, in die familie van Israel ingeënt word en ’n afstammeling van Abraham word deur Yahshua, ons Verlosser en Skepper. Mens moet egter gedoop word en deur Messias by die geestelike familie van Israel aansluit om een van Sy eerste vrugte te wees (lees die les oor *Toetrede tot die Nuwe Verbond*).

Was die aarde nog steeds onder die beheer en outoriteit van Satan toe Yahshua Messias Sy bediening in die jaar 27 gehad het?

Luk 4:5-7 *Toe bring die duiwel Hom op ’n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd.* ***6*** *En die duiwel sê vir Hom:* ***Ek sal U al hierdie mag gee en hulle voortreflikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil.*** ***7*** *As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort. 8 En Yahshua antwoord en sê vir hom: Daar is geskryf: Yahweh jou Elohiem moet jy aanbid en Hom alleen dien.*

Toe Adam sy posisie en heerskappy oor die aarde in Genesis opgegee het, het Yahweh ’n tydperk van 6000 jaar ingestel om Satan toe te laat om sy koninkryk op die aarde te hê. Yahweh laat Satan toe om die wêreld se regerings, opvoedkundige stelsels en selfs die kerke van sy huidige ryk te bestuur. Toe Yahshua na die aarde gekom het, tydens Sy aardse bediening in die jaar 27, het Hy wel deur Sy lewe, dood en opstanding gekwalifiseer om Satan te vervang en om die koninkryk, wat Adam verloor het, vir die mensdom en vir Yahweh vry te koop.

Maar net soos wanneer ’n president verkies word maar nie die posisie vir so twee maande daarna mag opneem nie, het Yahshua die volle prys vir die straf vir die sondes van die hele mensdom betaal maar sal Hy nie die heerskappy van die fisiese aarde vir Sy heerskappy oor die koninkryk terug neem totdat die 6000 jaar tydperk wat aan Satan toegeken is voltooi is nie.

Waar sit die Skrif die 6000 jaar wat aan Satan toegeken is voor die Messias oor die fisiese aarde sal heers uiteen?

Eks 20:11 *Want in* ***ses dae*** *het Yahweh die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die* ***sewende dag*** *het Hy gerus. Daarom het Yahweh die dag van die Shabbat geseën en dit afgesonder*

Heb 4:4-9 *Want Hy het êrens van die sewende dag so gesê: En Elohiem het op die* ***sewende dag*** *van al sy werke gerus;* ***5*** *en nou hier weer: Hulle sal in* ***my rus*** *nie* ***ingaan*** *nie.* ***6*** ***Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die goeie nuus eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie,*** ***7*** *bepaal Hy weer ’n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid praat, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.* ***8*** *Want as Josua aan* ***hulle rus*** *gegee het, sou Hy nie van ’n ander dag daarna praat nie.* ***9*** *Daar bly dus ’n onderhouding van die Shabbat oor vir die volk van Elohiem;*

Num 14:34 *Ooreenkomstig die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae,* ***vir elke dag een jaar****, moet julle jul ongeregtighede dra, veertig jaar lank, en my teëstand gewaar word*

2 Pe 3:8 *Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat* ***een dag by Yahweh soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag****. (Ps. 90:4)* ***9*** *Yahweh vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor julle en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.*

Net soos wat Yahweh die aarde in ses letterlike dae geskep het en op die sewende dag, wat Hy die Shabbat genoem het, gerus het, het Hy 6000 jaar vir die heerskappy van Satan op die aarde gegee en dan die sewende millennium soos dit in Hebreërs 4 uiteengesit is wat die 1000 jaar heerskappy van Messias sal wees en ’n rus vir die wêreld van die bose, sondige, sataniese samelewing wat Satan vir die eerste 6000 jaar geskep het. Ons is baie

naby aan die einde van die 6000 jaar heerskappy van Satan en die letterlike opstel van die koninkryk van Yahweh op die aarde.

Was Yahshua se fokus die verlossing van die koninkryk wat Adam verloor het toe Hy na die aarde gekom het en uit die vrou as die tweede Adam gebore is?

Mat 4:17 *Van toe af het Yahshua begin om te preek en te sê:* ***Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.***

Mark 1:14-15 *En nadat Johannes oorgelewer was, het Yahshua in Galilea gekom en die goeie nuus van Elohiem verkondig* ***15*** *en gesê:* ***Die tyd is vervul en die koninkryk van Elohiem het naby gekom;*** *bekeer julle en glo die goeie nuus.*

Mat 13:24-52 *'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemel is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het;* ***25*** *maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan.* ***26*** *En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook.* ***27*** *En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan?* ***28*** *En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak?* ***2***9 *Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.* ***30*** *Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.* ***31*** *'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaad wat 'n man neem en in sy land saai;* ***32*** *wat wel die kleinste is van al die soorte saad, maar as dit gegroei het, groter is as die groentesoorte en 'n boom word, sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke.* ***33*** *'n Ander gelykenis het Hy hulle vertel: Die koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie sata meel inwerk totdat dit volkome ingesuur is.* ***34*** *Al hierdie dinge het Yahshua deur gelykenisse vir die skare gesê, en sonder gelykenis het Hy vir hulle niks gesê nie;* ***35*** *sodat vervul sou word die woord wat gesê is deur die profeet: Ek sal my mond open deur gelykenisse; Ek sal uitspreek dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af.* ***36*** *Nadat*
Hy die skare weggestuur het, het Yahshua huis toe gegaan; en sy dissipels het na Hom gekom en gesê: Verklaar vir ons die gelykenis van die onkruid in die saailand. ***37*** *En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens* ***38*** *en die saailand is die wêreld. Die goeie saad – dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose,* ***39*** *en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die boodskappers.* ***40*** *Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld:* ***41*** *die Seun van die mens sal sy boodskappers uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat wetteloosheid beoefen,* ***42*** *en sal hulle in die vuuroond*
gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. ***43*** *Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.* ***44*** *Verder is die koninkryk van die hemel soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand.* ***45*** *Verder is die koninkryk van die hemel soos 'n koopman wat mooi pêrels soek;* ***46*** *en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit.* ***47*** *Verder is die koninkryk van die hemel soos 'n net wat in die see gegooi word en van elke soort bymekaarbring;* ***48*** *en as dit vol geword het, trek hulle dit op die strand uit en gaan sit en maak die goeies in bakke bymekaar, maar gooi die slegtes weg.* ***49*** *So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die boodskappers sal uitgaan en die slegte mense onder die*

regverdiges uit afskei ***50*** *en hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande.* ***51*** *Yahshua sê vir hulle: Het julle al hierdie dinge verstaan? Hulle antwoord Hom: Ja, Meester!* ***52*** *Toe sê Hy vir hulle: Daarom is elke skrifgeleerde wat ’n leerling geword het in die koninkryk van die hemel, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring.*

Alles wat Yahshua gedoen het was vir die herstel van die Koninkryk van Yahweh. Sy hele doel was om dit wat Adam in die Tuin van Eden verloor het te herstel. Deur ’n perfekte lewe te geleef het, het Hy gekwalifiseer om die boete vir die sondes, wat by Adam begin het, na Israel gegaan het en toe die hele mensdom, te betaal en om die gesag om koning te wees en oor die aarde tydens Sy 1000 jaar heerskappy te heers, terug te neem.

Het Yahshua Sy dissipels beveel om vrug te dra en nuwe lede op te lei vir Yahweh se Koninkryk soos Yahweh vir Adam in die Tuin van Eden beveel het?

Joh 15:1-8 *Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer.* ***2*** ***Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dit maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra****.* ***3*** *Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gepraat het.* ***4*** *Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.* ***5*** *Ek is die wynstok, julle die lote.* ***Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.*** ***6*** *As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.* ***7*** *As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit ontvang.* ***8*** *Hierin is my Vader verhoog, dat* ***julle veel vrug dra****; en julle sal my dissipels wees.*

Joh 15:16 *Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel* ***om vrug te gaan dra*** *en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.*

Mat 7:16-21 *Aan* ***hulle vrugte sal julle hulle ken****. ’n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie!* ***17*** *So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar ’n slegte boom dra slegte vrugte.* ***18*** *’n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en ’n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.* ***19*** ***Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.*** ***20*** ***So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken****.* ***21*** *Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.*

Sien ook Matteus 25:13-30.

Die mensdom se werk, soos deur Yahweh deur Adam uitgesit, was om vrug te dra en te vermeerder (Gen 1:28). Ons kan deur die woorde van Yahshua sien dat die werk dieselfde is vir die Nuwe Verbondsgelowiges wat dissipels van Yahshua en eerste vrugte en kinders van die koninkryk van Yahweh is.

Het Yahshua se apostels besef dat die koninkryk van Yahweh ’n werklike koninkryk is met ’n werklike koning wat sy oorsprong uit die beloofde land van Israel het?

Luk 22:25-30 *En Hy het vir hulle gesê: Die konings van die nasies heers oor hulle, en die wat gesag voer oor hulle, word weldoeners genoem.* ***26*** *Maar so moet julle nie wees nie; maar die oudste onder julle moet word soos die jongste, en wie ’n leier is, soos een wat dien.* ***27*** *Want wie is groter: die een wat aan tafel is, of die een wat dien? Is dit nie hy wat aan tafel is nie? Maar Ek is onder julle soos een wat dien.* ***28*** *En dit is julle wat voortdurend by My gebly het in my versoekinge.* ***29*** *En* ***Ek beskik vir julle ’n koninkryk*** *soos my Vader*

dit vir My beskik het, ***[30] sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel.***

Hand 1:6-8 *Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê:* ***Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?*** *[7] En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;* ***[8]*** *maar julle sal krag ontvang wanneer die Afgesonderde Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.*

Dit is baie duidelik vanuit die Skrif dat die apostels ten volle verstaan het dat die koninkryk van Yahweh ’n werklike koninkryk was, wat in die nasie van Israel opgestel sou word en dan regdeur die wêreld sou gaan. Al wat hulle nie geweet het nie was wanneer die koninkryk opgestel sou word. Daar is niks in die Skrif wat enigeen enigsins sal laat dink dat die apostels of vroeë volgelinge van Yahshua ooit gedink het dat die koninkryk van Yahweh iets soos ’n kerkorganisasie of bloot ’n gevoel in jou hart is nie.

Wat het Yahshua in Lukas 17: 21 bedoel toe Hy gesê het: “…*want die koninkryk van Elohiem is binne-in julle”*

In ’n koninkryk denkwyse is die koning die hoogste eienaar van alles in sy koninkryk en is sy wette bindend en onveranderbaar. Daarmee saam kan iemand nie net na die koninkryk trek en kies om by die koninkryk aan te sluit nie, maar word hy eerder gekies om deel van die koninkryk te word deur ’n koninklike afvaardiging (Joh. 15:16) en is die koning se word finaal. Die koning is ook ten volle verantwoordelik vir al sy onderdane en as selfs een persoon enigiets kortkom sal dit negatief op die koning self reflekteer.

So die koning en sy koninkryk is verwisselbaar en die koning is ook sy koninkryk, so toe Yahshua vir die fariseërs sê dat die koninkryk van Yahweh in hulle midde was, het Hy eintlik gesê dat deur Sy teenwoordigheid, omdat Hy die Koning van die koninkryk is, het die koninkryk van Yahweh na hulle gekom. Op dieselfde manier word alle ware dissipels van Yahshua ambassadeurs vir Hom en Sy koninkryk genoem (2 Kor. 5:20) en wanneer ons geseën word om êrens heen te gaan en Hom te verteenwoordig, is ons in wese verteenwoordigers van daardie koninkryk en bring ons die koninkryk deur ons leringe na die spesifieke area. Verder vir ons om ’n verteenwoordiger van Hom en Sy koninkryk te wees, moet die koninkryk op ons harte geskryf wees en moet dit die hoogste prioriteit in ons lewens wees (Mat. 10:32-39).

Het Yahshua gesê wat die beloning sal wees vir die eerste vrugte wat in Sy Naam gedoop is en Sy volgelinge is in die tydperk voordat Hy terugkom om Sy koninkryk op te stel?

Luk 22:28-30 *En dit is julle wat voortdurend by My gebly het in my versoekinge.* ***[29]*** *En Ek beskik vir julle ’n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het,* ***[30] sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel****.*

Mat 19:27-29 *Daarna antwoord Petrus en sê vir Hom: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?* ***[28]*** *En Yahshua sê vir hulle:* ***Amein Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy voortreflike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.*** ***[29] En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van my Naam verlaat het, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe.***

Op 5:9-10 *Toe sing hulle ’n nuwe lied en sê: U is waardig om die boekrol te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het vir Elohiem met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,* ***10*** ***en het hulle konings en priesters vir ons Elohiem gemaak, en hulle sal as konings oor die aarde heers.***

Op 20:4-6 *En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Yahshua en oor die word van Elohiem, en wie ook al die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie;* ***en hulle het herleef en as konings geregeer saam met die Messias die duisend jaar lank.*** ***5*** *Die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.* ***6*** *Geseënd en afgesonder is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar* ***hulle sal priesters van Elohiem en van die Messias wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.***

Diegene wat hulle lewens in die wêreld (Satan se samelewing) opoffer en opgee, en in die naam van Yahshua gedoop is en ’n verbondsverhouding met Hom binne gegaan het (*Sien asseblief die les oor Hoe om by die Nuwe Verbond aan te sluit*), sal met Sy terugkoms konings en priesters gemaak word en sal saam met Hom vir die duisend jaar millennium heers en verder in die ewigheid in.

Soos wat sal die koninkryk van Yahweh wees wanneer Yahshua terugkom? Sal daar ’n regering wees wat oor die mense heers of gaan mense eenvoudig net doen wat hulle wil en aanhou met selfregering?

Jes 9:6-7 *Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en* ***die heerskappy is op sy skouer,*** *en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke El, Ewige Vader, Vredevors –* ***7*** ***tot vermeerdering van die heerskappy*** *en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van Yahweh van die leërskare sal dit doen.*

Sal daar van mense vereis word om die Torah (wet/instruksies) van Yahweh te volg, asook die leiers wat deur Yahshua in Sy koninkryk aangestel is, of sal mense bloot net doen wat ook al in hul harte reg voel?

Jes 11:1-9 *Maar daar sal ’n takkie (netser) uitspruit uit die stomp van Isai, en ’n loot uit sy wortels sal vrugte dra;* ***2*** *en op Hom sal die Gees van Yahweh rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van Yahweh.* ***3*** *En Hy het ’n behae in die vrees van Yahweh; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie;* ***4*** *maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die slaanstok van sy mond en met die asem van sy lippe die afvallige doodmaak.* ***5*** *En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees.* ***6*** *Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en ’n klein seuntjie sal hulle aanja.* ***7*** *Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os;* ***8*** *en die suigeling speel by die gat van ’n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van ’n basilisk.* ***9*** *Hulle sal geen kwaad doen of kwaad aanrig op my hele afgesonderde berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van Yahweh soos die waters die seebodem oordek.*

Wanneer Yahshua Messias Sy koninkryk op die aarde opstel, na die voltooiing van die 6000 jaar van Satan se samelewing, sal daar volkome harmonie en gehoorsaamheid aan Sy wette en leierskap wees. Daar sal aan die aardse mense, wat die groot verdrukking en

toorn van Yahweh op die aarde oorleef het, ’n nuwe hart en ’n gees van samewerking gegee word om die waarheid van Yahweh se Woord te wil leer en om aan die leierskap wat deur Yahshua opgestel is gehoorsaam te wil wees en om hulle te wil dien.

Sal almal in die koninkryk kan wees, ongeag of hulle nie wil leer en gehoorsaam wees nie, of sal net diegene wat ’n hart van samewerking en liefde het in staat wees om deel te word van die gou komende koninkryk van Yahweh?

Mat 7:21-23 ***Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemel nie,*** *maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.* ***22*** *Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam demone uitgedryf en in u Naam baie kragte gedoen nie?* ***23*** *En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat ongeregtigheid bedryf!*

Mat 25:31-46 *En wanneer die Seun van die mens in sy grootheid kom en al die boodskappers saam met Hom, dan sal Hy op sy voortreflike troon sit;* ***32*** *en voor Hom sal al die nasies versamel word,* ***en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei;*** ***33*** ***en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.*** ***34*** ***Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.*** ***35*** *Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was ’n vreemdeling, en julle het My herberg gegee;* ***36*** *Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.* ***37*** *Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Meester, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?* ***38*** *En wanneer het ons U ’n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee?* ***39*** *En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom?* ***40*** *En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Amein Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broers van My, het julle dit aan My gedoen.* ***41*** ***Dan sal Hy ook vir diegene aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy boodskappers.*** ***42*** *Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie.* ***43*** *Ek was ’n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie.* ***44*** *Dan sal hulle ook antwoord en sê: Meester, wanneer het ons U honger gesien of dors of ’n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?* ***45*** *Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Amein Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.* ***46*** *En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.*

Die koninkryk van Yahweh is baie anders as die regerende demoniese sisteem van Satan waardeur die wêreld tans beheer word. Dit is nie ’n diktatorskap wat sy mense onderdruk deur onwettige heerskappy nie, dit is ook nie kommunisties waar ’n klein groepie uitverkore mense in luuksheid leef ten koste van die massas nie. Dit is ook nie soos ’n demokrasie (demoon-krasie) waarin die meerderheid regeer, of hulle nou reg of verkeerd is, nie. Verder in ’n demokrasie is daar gelyke vryheid van spraak vir die bose sowel as vir die regverdige, daar is vryheid van geloof vir beide die ware sowel as die sataniese. In Yahweh se koninkryk is dit net die wat ’n 100% geloof in Yahweh plaas en Sy wette vertrou en volg wat geseën sal word om deel te wees van die wonderlike koninkryk. Enigeen wat teen die perfekte Torah (instruksie) van Yahweh is, sal nie deel van Sy koninkryk wees nie, maar sal na die poel van vuur uitgewerp word. Verder sal elkeen wat in Yahweh se koninkryk gaan wees nie net aan sy eie welsyn dink nie, maar sal hy sy naaste eerlik lief hê soos homself en goed

saam met almal werk in samewerking en liefde vir die verbetering en welsyn van elke koninkryk familielid.

Die verskil tussen ’n koninkryk en ’n demokrasie/Satan se wee is ’n *demoon-krasie. Jy kan nie ’n effektiewe werker vir die koninkryk wees terwyl jy, soos ’n Babiloniese, demokraties dink nie.*

1) **In ’n demokrasie verkies die mense leiers** (Laodisies) het nie ’n koning nodig nie en word deur die mense regeer. In **’n koninkryk kies die koning sy onderdane** (Joh. 6:44); 2 Kor. 5:20 – Ons is ambassadeurs vir die koninkryk.
2) **In ’n demokrasie ondersteun die mense die regering deur belasting, in ’n koninkryk voorsien die koning in al die behoeftes van sy onderdane.** As iemand in ’n demokrasie arm is, word hyself daarvoor blameer, maar as iemand in ’n koninkryk behoeftig is, reflekteer dit op die koning wat nie na die welsyn van sy onderdane omsien nie. Welsyn is goed, waar daar na die burgers omgesien word, die woord beteken nie arm nie. Ps. 23:1 (Mat. 6:24-34)
3) **Enigeen kan by ’n demokrasie aansluit of daarheen trek, maar om deel van ’n koninkryk te wees kom slegs deur die geslagte,** Gal.3:29 In ’n koninkryk is burgerskap ’n voorreg, eerder as ’n reg.
4) **’n Demokrasie word deur ’n parlement regeer, maar ’n koninkryk word deur die wette van die koning regeer.** Deut. 10:10-12. Die Torah is die konstitusies, wette in ’n demokrasie is mensgemaak en gebrekkig, terwyl die wette van die Koning perfek is, Ps. 19:7-12.
A) In ’n demokrasie kan burgers vir die verandering van die wette en sedelike waardes protesteer, in ’n koninkryk verander dit nooit; die wette van die koning staan vir altyd (Mal 3:6, Heb 13:8, Ester 8:8) .
5) **In ’n demokrasie soek mense na vryheid om hulself te regeer, maar in ’n koninkryk verlang almal daarna om diensknegte van die koning te wees**. (Jn. 5:30), Ex. 21:1-6, in ’n demokrasie is mense hul eie elohiem, terwyl alle onderdane in ’n koninkryk ten volle onder die heerskappy van die koning wil wees. 1 Kor. 6:18-20.
6) **In ’n demokrasie is reëls mensgemaak en gebrekkig, die mens het die doel tot die middele vir homself geword, terwyl al die fokus in ’n koninkryk op die koning en sy gebooie is.** Die mensgemaakte reëls sal altyd eventueel na ’n sekulêre humanisme lei waar die mens glo dat hy self al sy eie probleem kan oplos sonder Elohiem se hulp. Demokrasie is basies die mens se verheffing van homself om sy eie elohiem te word.
7) **In ’n demokrasie is daar private eienaarskap van eiendom, in ’n koninkryk behoort alles aan die koning** (Ps. 24:1-2), onderdane hoef niks te besit nie omdat die koning vir alles voorsien.

Dit is moeilik vir mense in demokratiese lande om koninkryk beginsels te verstaan omdat demokrasie in Suid-Afrika gevestig is in rebellie teen ’n koninkryk.

Sal die koninkryk van Yahweh slegs in Israel wees, of gaan dit in die millennium uitgebrei word om oor die hele aarde te strek?

Mig 4:1-7 *En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van Yahweh vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom.* ***2*** *En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van Yahweh en na die huis van die Elohiem van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel.* ***Want uit Tsion sal die Torah uitgaan en die woord van Yahweh uit Jerusalem****.* ***3*** *En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.* ***4*** *Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat*

iemand hulle verskrik; want die mond van Yahweh van die leërskare het dit gesê. ***5*** *Want al die volke mag wandel elkeen in die naam van sy Elohiem, maar ons sal wandel in die Naam van Yahweh onse Elohiem vir ewig en altyd.* ***6*** *In daardie dag, sê Yahweh, wil Ek versamel die wat kreupel is, en bymekaarmaak wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het.* ***7*** *Dan sal Ek die wat kreupel was, tot 'n oorblyfsel maak en wat ver verwyder was, tot 'n magtige nasie. En Yahweh sal koning wees oor hulle op die berg Tsion, van nou af tot in ewigheid*

Sag 14:16 *En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, Yahweh van die leërskare, en om die Huttefees te vier.*

Jes 66:18-20 *Maar Ek ken hulle werke en hulle gedagtes; die tyd kom dat Ek al die nasies en tonge versamel; en hulle sal kom en my grootheid sien.* ***19*** *En Ek sal 'n teken onder hulle doen, en vrygeraaktes uit hulle stuur na die nasies, na Tarsis, Pul en Lud, wat die boog span, na Tubal en Yawan, na die ver kuslande wat my tyding nie gehoor en my grootheid nie gesien het nie; en hulle sal my grootheid onder die nasies verkondig.* ***20*** *En hulle sal al julle broers bring uit al die nasies as offergawe aan Yahweh, op perde en op waens en in draagstoele en op muilesels en op kamele na my afgesonderde berg, na Jerusalem, sê Yahweh, net soos die kinders van Israel die voedseloffer in 'n rein voorwerp bring na die huis van Yahweh.*

Alhoewel Jerusalem die ewige hoofkwartier van Yahweh Almagtig is en dit ook duidelik Sy Woonplek tydens die laaste dae en ook in die millennium is (Joel 2:32, 3:16, 21), sal alle nasies egter van oor die hele aarde, tydens Yahshua se duisend jaar heerskappy op die aarde, Hom aanbid en sal Sy koninkryk 'n wêreld heersende ryk wees.

Dit sal nie oornag gebeur nie. Nadat die toorn van Yahweh voltooi is en Yahshua fisies na die Olyfberg terugkeer van waar Hy opgevaar het, sê die Skrif vir ons dat daar min mense op die aarde oor sal wees (Jes. 24:1- 6). Hierdie mense gaan baie pyn hê en met afgryse gevul wees oor wat pas in die wêreld, soos hulle dit ken, plaasgevind het. Dit gaan baie geduld, liefde en opvoeding neem om die mense van die Nuwe Verbond en die koninkryk van Yahweh, wat dan oor die hele aarde opgestel sal wees, te leer. Soos ons vanuit Sagaria 14 sien sal sommige mense dit nie alles op een slag verstaan nie, en sommige sal nie na die bevel, om na Jerusalem tydens die feestyd op te gaan en voor Yahshua as Koning te verskyn, luister nie. Maar wanneer hulle egter sien dat hulle nie die seën van Yahweh, asook geen reën sal ontvang as hulle nie 100% meewerkend en onderdanig aan Sy wette en leierskap is nie, sal hulle uiteindelik verstaan dat slegs 100% volle oorgawe aan Yahweh en Sy wil totale vreugde na die aarde sal bring.

Sal die aarde dan uiteindelik Yahweh verstaan en ken, en sal die aarde totale vrede en harmonie hê en sal mense totaal gelukkig en tevrede wees tydens die millennium?

Jer 31:31-34 *Kyk, daar kom dae, sê Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit;* ***32*** *nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op daardie dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipte uit te lei nie – my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek gebieder oor hulle was, sê Yahweh.* ***33*** *Maar dit is die verbond wat Ek na daardie dae met die huis van Israel sal sluit, sê Yahweh: Ek gee my Torah in hulle binneste en skryf dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n Elohiem wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.* ***34*** *En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken Yahweh; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, sê Yahweh; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.*

Jes 65:16-25 *sodat hy wat homself seën in die land, hom sal seën by die Elohiem van waarheid; en hy wat sweer in die land, sal sweer by die Elohiem van waarheid, omdat die vorige benoudhede vergeet is en verborge vir my oë.* ***17*** *Want kyk, Ek skep ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.* ***18*** *Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees.* ***19*** *En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie.* ***20*** *Daarvandaan sal nie meer kom ’n suigeling van ’n paar dae of ’n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want ’n seun sal sterf honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word.* ***21*** *En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet:* ***22*** *hulle sal nie bou dat ’n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat ’n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet.* ***23*** *Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of verwek vir skielike ondergang nie; want hulle is ’n geslag van die wat deur Yahweh geseën is, en hulle nakomelinge is by hulle.* ***24*** *En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog praat, verhoor Ek.* ***25*** *Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos ’n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of kwaad aanrig op my hele afgesonderde berg nie, sê Yahweh.*

Sal alle siekes gesond gemaak word en daar nie meer blindes en lammes wees nie?

Jes 35:1-10 *Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos ’n narsing;* ***2*** *dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die voortreflikheid van die Libanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron; hulle daar sal sien die grootheid van Yahweh, die sieraad van onse Elohiem.* ***3*** *Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas.* ***4*** *Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle Elohiem kom met wraak, julle Elohiem met vergelding; Hy self sal kom en julle verlos.* ***5*** ***Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word.*** ***6*** ***Dan sal die lamme spring soos ’n takbok, en die tong van die stomme sal jubel;*** *want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis.* ***7*** *En die gloeiende grond sal ’n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies.* ***8*** *En daar sal ’n grootpad wees en ’n weg wat die afgesonderde weg genoem sal word; geen onreine sal daarop voorttrek nie, maar vir hulle sal dit wees; wie die weg bewandel – selfs die dwase sal nie dwaal nie.* ***9*** *Daar sal geen leeu wees nie, en geen verskeurende dier sal daarop kom of daar aangetref word nie; maar die verlostes sal daarop wandel;* ***10*** *en die losgekooptes van Yahweh sal teruggaan en na Tsion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle ontvang, maar kommer en gesug vlug weg.*

Die koninkryk van Yahweh is ’n werklike koninkryk waarvan die begin in die fisiese land van Israel gevestig sal word met Yahshua se terugkoms op die Olyfberg. Die hoofkwartiere gaan in Jerusalem wees en vandaar oor die aarde gaan. Yahweh gaan gedurende die tyd Sy Gees oor die hele mensdom uitgiet en die menslike natuur van selfsug en selfgesentreerdheid verander na een wat meewerkend is en sy naaste lief het soos homself.

Gedurende Yahshua se duisend jaar heerskappy sal daar totale vrede regdeur die aarde wees aangesien elke lewende mens in daardie tyd Hom as Koning bo alle konings sal erken en Hom sal aanbid as verlosser van die wêreld. Daar sal geen siektes wees, of mense met gebreke nie, geen voortydige sterftes nie, geen misdaad, geen siektes of hongersnood nie. Elke persoon sal die vrug van sy/haar arbeid geniet en die familie struktuur en verhoudings sal ten volle herstel wees omdat die hele aarde behoorlik in die Torah van Yahweh deur Sy dissipels, wat die eerste vrugte is en saam met Yahshua tydens Sy 1000 jaar heerskappy en in die ewigheid in sal heers, opgelei sal word.

Punte om te onthou:

1. *Adam het ’n koninkryk verloor, nie ’n godsdiens nie. Yahshua het na die aarde gekom om die koninkryk wat Adam aan Satan oorgegee het te herwin en herstel.*
2. *Die koninkryk van Yahweh is nie ’n kerk of ’n gevoel binne in jou nie, maar is ’n werklike letterlike koninkryk wat op die aarde, net soos in die hemel, bewoon word.*
3. *3) Yahshua gaan fisies na die aarde terugkeer en die koning van Yahweh se koninkryk wees vir die 1000 jaar millennium . Die ware gedoopte volgelinge van Yahshua sal saam met Hom op die aarde heers.*

Gaan asseblief na ons webtuiste by www.coyhwh.com en laai ons gratis CD ‘The Good News of the Kingdom” af.

Congregation of YHWH Jerusalem, Po Box 832 Carteret NJ 07008
www.cohywh.com